## Wees gereed vir die koms van die Bruidegom

**Lees: Mattheus 25: 1 - 13 Mattheus 25: 13**

Daar word baie gepraat in kerklike kringe oor die wederkoms van ons Here Jesus Christus. Daar word baie bespiegel en voorspel oor wanneer dit gaan gebeur. Jesus is besig in die Profetiese Rede wat in Mattheus 24 en 25 na vore kom sy dissipels en volgelinge voor te berei vir die pad wat vir hulle voorlê. Hoofstuk 24 praat Hy van die swaarkry wat hulle geen beleef. Hy berei hulle voor vir die vervolging en die val van Jerusalem, en vir die tyd wat daarna sal volg.

Maar daar is een troos en een saak wat vasstaan nl die feit dat Hy weer een of ander tyd gaan kom. Die hoofdoel van hierdie Skrifgedeelte is om te vra of Sy dissipels en volgelinge en luisteraars gereed is vir die dinge wat gaan kom. Nie net die wederkoms nie, maar ook die swaarkry wat voorlê.

Hy gebruik die voorbeeld van 'n bruilof en 10 maagde of diensmeisies. Daar is 'n verwagting. Die bruidegom kom. Almal sien uit daarna en almal is gereed daarvoor. Al 10 van hulle het lampe, en toe hulle moeg word het al 10 geslaap. As die aankondiging kom dat die bruidegom kom, dan staan almal op en is gereed om hom tegemoet te gaan.

Maar daar is ook verskille. Hierdie gedeelte vertel dat daar vyf is wat dwaas is en vyf wat verstandig is. Ons sien dit raak in die voorbereidings wat daar getref word. Die vyf verstandiges neem nie net hulle vol lampe saam nie, maar neem ook 'n kannetjie ekstra olie saam. Hulle is goed voorbereid vir die moontlikheid dat die bruidegom nie op die verwagte tyd sal kom nie.

So gebeur dit dan dat die bruidegom nie kom op hulle verwagte tyd nie. Almal raak aan die slaap. Maar wanneer die roeping kom dat die bruidegom op pad is dan het die vyf dwase meisies nie genoeg olie om hulle lampe te laat brand nie. Hulle versoek die ander om hulle te help, maar hulle het genoeg vir hulleself, nie genoeg om nog uit te deel nie. Daarom moet die dwases uitgaan en nog olie gaan soek.

Die uiteinde van die saak is dat hulle die belangrikste gebeurtenis mis nl die koms van die bruidegom. Die probleem is dat die dwases alleenlik voorberei het op die onmiddellike en nabye toekoms. Hulle kon nie vooruitsien dat die tyd van wag dalk langer kon wees nie.

Die verstandige meisies het met dieselfde kennis tog in ag geneem dat daar oponthoud kon wees, en daarom ekstra olie saamgeneem het. Dit is hierdie een punt wat van hulle verstandig gemaak het. Baie klein en eenvoudig en tog so ingrypend vir hulle lewens en net so ingerypend vir die dwase meisies.

Toe die bruidegom kom het die verstandige meisies saam met hom die bruilof binnegegaan. Die dwase meisies het eers later daar aangekom, maar toe is dit te laat. Hulle word uitgesluit.

Die boodskap vir elkeen is dat elkeen voorbereid moet wees vir die pad wat voorlê. Vir die dissipels en volgelinge van Christus sowel as hulle wat luister, die gedagte dat daar kom 'n tyd van wag. In daardie tyd van wag moet daar voorbereidings getref word vir die koms van die Bruidegom, nl Christus. Maar ons weet nie in die eerste plek wat tussenin gaan gebeur nie. Vir hulle lê daar swaarkry en beproewing voor. Ook vir ons is dit nie anders nie. Almal van ons moet sorg dat ons voorbereid is, nie net vir die koms nie, maar vir elke omstandigheid wat oor ons pad kom.

Die olie vir die lampe kan gesien word as die krag en die energie wat nodig is om die lig te laat skyn. So ontvang ek en jy krag van God deur Sy Gees om die Lig te laat skyn en staande te bly op die pad wat ons nog moet loop.

Die loon wat ons ontvang is die feit dat wanneer die Bruidegom kom, dat ons gereed is om die Bruilof wat Hy voorberei het te kan binnegaan en sodoende die vreugde daarvan te beleef. Wees egter versigtig, omdat as jy nie gereed is nie dan kan jy die koms van die Bruidegom mis en uitgesluit word uit die Bruilofsmaal wat Hy voorberei het.

**Ds. Neville Boy**
**17/06/2018**